Gauteng Onderwysdepartement

# Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2020-09-15

Geagte Ouer/Voog

## OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN SEPTEMBER 2020

### DIEPREINIGING VAN SKOOL – MNR GERICKE

Baie dankie aan Mnr. Barend Janse van Rensburg wat ons skool 3 maal per week saniteer. Die Beheerliggaam het besluit dat dit egter weer nodig is om ons skool te diepreinig wat gewoonlik oor 2 dae strek. Die skool gaan dus gediepreinig word op 24 en 25 September om die veiligheid van ons personeel en leerlinge te verseker. Daar sal dus geen akademiese program op Vrydag, 25 September wees nie.

Woensdag, 23 September is steeds 'n normale skooldag en leerlinge sal normale tye verdaag. Die naskool sal wel oop wees op 23 September maar nie op 24 en 25 September nie.

### BELANGRIKE KENNISGEWING – MNR DENNER

Daar is nogsteeds te veel leerlinge wat laat by die skool opdaag. Baie van die leerlinge het geen geldige rede vir die laatkom nie.

Die skool ***begin*** vir die leerlinge om ***07:30*** in die oggend. Vir die veiligheid van die leerlinge en personeel word die hekke om 07:30 gesluit.

Ons versoek ook dat ouers/voogde die leerlinge in die middae betyds kom afhaal. Die skool sluit vir die leerlinge om 13:30 en die skoolhekke word om 13:45 gesluit.
Wees asb. betyds in die oggend en middag. Daar is steeds te veel leerlinge wat naskool by die hekke wag. Die Departement stel gereeld ondersoek in by skole en u as ouer gaan verantwoordelik gehou word.

### KLEREDRAG – ME NOVELLIE

Vanaf Maandag, 28 September keer ons terug na normale somerskooldrag en word die LO drag net op Vrydae toegelaat.

## SKOOLGELDE VIR 2020 – MNR GERICKE

*ABBA OUERS: BAIE BELANGRIK IN HIERDIE MOEILIKE TYE*

*Baie dankie aan ons ouers wat instaan as abba ouers ten opsigte van minder bevoorregte kinders se skoolgeld en ander uitgawes. U ondersteuning word waardeer!*

*Indien daar nog ouers is wat hierby betrokke wil raak kan u die kantoor kontak of eenvoudig 'n addisionele bedrag op u skoolgeld betaal. Onthou elke ekstra R10 help. DANKIE! DANKIE! DANKIE! Onthou net asb. om Me Wessels in kennis te stel indien u 'n ekstra bedrag inbetaal vir 'n minder bevoorregte leerling.*

| ITEM | | BEDRAG PER MAAND | BETALINGSTYDPERK | BEDRAG VIR 2020 |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Skoolgeld vir enkelkind | R1 372 | 12 Maande | R16 464 |
| 2 | Skoolgeld vir tweede kind | R1 372 (R2 744) | 12 Maande | R16 464 |
| 3 | Skoolgeld vir derde kind | R550 (R3 294) | 12 Maande | R6 600 |
| Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. September se skoolgelde was reeds betaalbaar. | | | | |
| 4 | Naskoolgeld vir 'n enkelkind | R1 067 | 11 Maande | R11 737 |
| 5 | Naskoolgeld vir tweede kind | R1 067 (R2 134) | 11 Maande | R11 737 |
| 6 | Naskoolgeld vir derde kind | R1 067 (R3 201) | 11 Maande | R11 737 |
| Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Augustus se gelde was reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. *NB! NASKOOL GELDE IS VERLAAG VANAF 1 AUGUSTUS NA R800 PER LEERLING. ONTHOU ASB OM 'n KOSPAKKIE VIR HULLE IN TE PAK.* | | | | |
| 7 | Kleuterskool skoolgeld vir elke kind | R1 485 | 12 Maande | R17 820 |
| Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. September se gelde is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting word toegestaan indien u, u jaar se gelde vooruitbetaal nie. | | | | |

Uitstaande gelde!!!

Daar is ouers wat heelwat agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde is reeds betaalbaar en word nou oorhandig. Kontak asb. Me Fourie om 'n reëling te tref om gelde op datum te bring.

*Bankbesonderhede:*
*ABSA Bank*
*Tjekrekening no: 230 301 360*
*Takkode: 632005*
*Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad*

**Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark CMM Attorneys (Prokureurs) gebruik om al die oorhandigings te hanteer.**

***Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!***

**NB! Faks asb. bewys van betaling met uiteensetting ten opsigte van betaling na (011) 916-1963. Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.**

## E-LEARNING – ME BRITZ

Soos u reeds besef het Covid 19 ons net nog meer afhanklik van tegnologie gemaak en eLearning by Laerskool Elspark speel 'n belangrike rol in u kind se akademie. Ons is gelukkig in die bevoorregte posisie om soveel meer vir u kind te bied op die gebied van aanlyn onderrig, gebruik van WiFi en 'n span toegewyde onderwysers.

Daarom doen ons 'n beroep op u as ouer om asseblief voorsiening te maak vir die aankoop van 'n goeie gehalte tablet. Om 'n tablet te hê in Gr4-7 is 'n noodsaaklikheid en graag wil ek ons graad 3 ouers van 2020 aanmoedig om solank uit te kyk vir 'n tablet wat u kind in 2021 kan gebruik in graad 4.

Ons besef dat 'n tablet kan breek en moet dan ingestuur word vir herstelwerk. Ons vra dat dit so vinnig moontlik sal geskied. Maak asb. gebruik van vakansies om hierdie tablette te herstel en op te gradeer omdat dit so 'n belangrike rol speel in ons leerlinge se leer en presteer.

Maak ook asseblief seker dat u u nuutste epos adres vir die kantoor stuur indien hulle dit nie het nie. Dit maak kommunikasie net soveel makliker. Die personeel se epos adresse is op ons webtuiste beskikbaar indien u iemand wil kontak.

Soos ek reeds genoem het is ons bevoorreg om leerlinge aanlyn te akkommodeer. Met die dalende Covid 19 getalle is u egter meer as welkom om leerlinge terug te stuur na die skoolomgewing.

Aanlyn leerlinge word herinner aan die inhandiging van boeke op 'n Vrydag en die aflê van assesserings soos gekommunikeer op die toetsreeksrooster.

## GRAAD 6 LEIERIDENTIFISERINGSDAG – ME NOVELLIE

| | |
|---|---|
| Datum: | Saterdag, 10 Oktober 2020 |
| Tyd: | ± 08:00 tot 16:00 |
| Koste: | R250 per kind |

Leerlinge moet asb. eie kospakkies pak vir die dag. Volledige inligtingbriewe sal aan die leerlinge gegee word.

Ons is genoodsaak om 'n alternatiewe manier te gebruik i.p.v. ons normale kamp daarom gebruik ons 'n eksterne maatskappy om aktiwiteite by die skool te kom aanbied vir die Graad 6 groep om te help om ons leiers van 2021 te identifiseer.

## COMMUNICATOR/FACEBOOK – ME S DU TOIT

Wil jy deel wees van ons Facebook gemeenskap? Waar ons inligting, prestasies en sommer net lekker wenke deel. Gaan soek ons op Facebook onder Elspark Elsie. Die communicator hou u op hoogte van gebeure by u kind se skool.

Gaan laai die D6 Communicator af op u rekenaar/ slimfoon op die playstore of gebruik die volgende skakel

http://www.school-communicator.com/

## KOSKAS/KOSPAKKIES VIR BEHOEFTIGE LEERLINGE – ME KOMEN

Laerskool Elspark het 'n koskas by die skool waaruit ons vir die leerlinge en hul gesinne voedsel verskaf vir naweke en vakansies. Ons koskas is op die oomblik dolleeg en ons sal graag dit weer wil volmaak vir tye wat ons die kos broodnodig het.

Ons vra dat leerlinge asb. sal deelneem aan ons bring-'n-blik-projek op Vrydae. Indien u bereid is om enige nie-bederfbare kos (bv. blikkies, bad benodigdhede, ens.) te skenk, stuur dit na u kind se registeronderwyser.

Ons gee ook daagliks vir 45 leerlinge kospakkies/toebroodjies, in baie gevalle is dit hierdie leerlinge se enigste maaltyd vir die dag. Ons benodig asb. nog ouers wat bereid sal wees om

te help hiermee. Voltooi asb. die onderstaande skeurstrokie en stuur dit aan u kind se registeronderwyser, indien u van hulp kan wees.

## KLEREBANK - ME ALTA DU TOIT

Die klerebank funksioneer steeds maar op 'n ander manier tydens Covid-19. Ons het baie skoolhemde en blou kortbroeke in die stoor sowel as rompies en dogtershemde.
U kan 'n epos aan me Alta Du Toit stuur alta@elsies.co.za en u versoek rig oor die grootte klere wat u verlang. Meld asb. of dit 'n seun of dogter is en ook hul liggaamsbou, bv. kort en breed of lank en maer. Ook hul graad en klasvoog se naam. Dit gee my 'n idee waarna om te soek. Klere sal na u kind se klas geneem word. Pas tuis aan en stuur terug wat dan nie pas nie. Ons wil graag help.

U is welkom om 'n donasie te maak vir die klere wat u neem. U betaal dit onder u kind se naam en van in, verwysing klerebank. U kan u kind se klere wat te klein is skenk aan die skool mits dit nog in 'n goeie toestand en gewas is. Ek hoor graag van u.

Somersdrag sal infaseer in die eerste week van September. Geen LO drag mag gedra word nie. Die sweetpakke was 'n vergunning vir die winter.

## TUINEDAG - ME DU TOIT

Tuinedag val die jaar op 2 Oktober. Ons wil weer in die grond skoffel en ons skool verfraai. Dit gee vir ons kinders geleentheid om weer iets anders by die skool te doen.

Elke kind word aangemoedig om 'n plant/blommetjies te bring om die aanbreek van lente te vier. Meer inligting sal nader aan die tyd deur gegee word.

## OPVOEDING - ME GROBLER

Die Covid-19 virus is steeds in ons midde. Dit is uiters belangrik dat ons steeds alle protokolle noukeurig volg by die skool en tuis.

Dankie vir elke ouer se insette op akademiese gebied tydens die grendeltydperk. U kind gaan beslis die vrugte daarvan pluk. Dit is egter belangrik dat u kind ook op emosionele, gesondheid en sosiale gebied ondersteuning ontvang.

Hier volg 'n paar wenke in die verband:

- Moedig u kind aan om 'n stokperdjie te beoefen.
- Laat u kind buite speel en genoegsame oefening kry.
- Gesels met u kind oor hul bekommernisse.

- Let op u kind se slaappatroon. 'n Goeie nagrus is noodsaaklik.
- 'n Gesonde dieet is belangrik.
- Leerlinge het nodig om met kinders van hul eie ouderdom te sosialiseer. Die skoolopset speel in hierdie opsig 'n baie belangrike rol.
- Gee aandag aan Godsdienstige aspekte. U kind moet weet waar hul hoop en krag vandaan kom.
- Verseker u kind dat u lief is vir hom/haar.
- Familietyd moet nie afgeskeep word noudat die grendeltydperk verby is nie.

Onthou familie is soos takke aan 'n boom, almal groei in verskillende rigtings maar ons wortels bly as een.

## ADVERTENSIEBORDE – ME LOURENS

Wil u graag u besigheid adverteer en maksimum blootstelling kry? Ondersteun ons skool deur te adverteer op ons advertensieborde.

R3000 per jaar
3M X 1M

R1500 per jaar
1,5M X 1M

Kontak Me Lourens op 082 785 2953 indien u sou belangstel.

## GROENPROJEK – ME DELPORT

**Leerders mag weer cartridges skool toe bring.**
**Maandag tot Donderdag tussen 7:30-8:00 by Juffrou Carena.**

Elke leerder sal 'n spogkaart ontvang na die eerste drie cartridges wat hulle skool toe bring. Alle data word dus deur my ook gehou indien leerders hierdie spogkaart verloor. Vir elke 3 Cartridges wat leerders skool toe bring sal een punt afgeteken word. Dus is dit beter om 3 cartridges op 'n slag te bring om kontrole te vergemaklik en om nie leerlinge te na te kom met die beloningstelsel nie.

Vir verdere inligting kontak my gerus by carena@elsies.co.za

## DANKBAARHEID

- Dankie aan elke leerling, ouer en personeellid wat hul deel doen om ons skool 'n sukses te maak.!
- Baie dankie aan ons Hemelse Vader vir leiding, liefde en genade!

**FILIPPENSE 4:6-7**

Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

**JAARTEMAS:**
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
www.laerskoolelspark.co.za

---

***Skeurstrokie kospakkie***
***Behoeftige leerlinge***

*Ek ouer/voog _____ van _____ in Gr ____ is bereid om op 'n rotasie basis 45 kospakkies/toebroodjies te pak wat gedurende eerste pouse uitgedeel sal word aan die behoeftige leerlinge.*

*Kontak nommer:* _____ *Epos:* _____

*Handtekening:* _____